Har skool

Lyding
HOE HELP ONS MEKAAR?

1. SOUT EN LIG VIR MEKAAR

Levitikus 2:13 Gooi sout by al jou graanoffers. Die sout herinner aan die verbond met jou God; moenie dat dit in jou graanoffers ontbreek nie. Bied sout aan op al jou graanoffers. Eseg 43:24: "..die priesters moet sout op die offervleis gooi en dit as 'n brandoffer vir die Here offer.."

Job 6: 6 Eet 'n mens smaaklose kos, kos sonder sout? Het die wit van 'n eier enige smaak? 7 "Ek raak nie aan sulke kos nie, dit maak my siek.

Matteus 5: ***13 "Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.14 "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; 15 ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. 16 Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."***

Markus 9:50 "Sout is goed, maar as sout sy krag verloor het, waarmee sal 'n mens dit weer sout maak? "Julle moet werklik sout wees en in vrede met mekaar lewe."

Kolossense 4:6: Julle woorde moet altyd van goeie smaak getuig, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe om 'n ieder en 'n elk te antwoord. Efe 4: 29 Nie 'n enkele afbrekende woord moet uit julle mond kom nie, maar eerder 'n woord wat goed is vir noodsaaklike opbou, sodat dit voordeel mag bring vir diegene wat dit hoor. (2020)

2. GEBRUIKE VAN SOUT IN ANTIEKE TYE:

- **Medisinaal**: By geboorte is baba gewas en met sout ingevryf (preservering van gesondheid teen infeksies). Enigste doeltreffende ontsmettingsmiddel.

- **Verbond**: By offers was sout oorgegooi as bevestiging van verbond tussen God en mense. Sout is op paartjies se hande gegooi wanneer hulle trou as bevestiging van verbond tussen hulle.

- **Voedsel:** preservering van kos en smaak aan kos.

- **Vervaldatum**: sout was van swak gehalte en het na 'n tyd smaak en effek verloor. Daarmee is paaie reggemaak!

3. GEBRUIKE VAN LIG IN ANTIEKE TYE:

- Aanvanklik was slegs natuurlike lig van son en maan beskikbaar.

- Die ontdekking van vuur is ook die ontdekking van mensgemaakte lig. ‘n Radikale ontwikkeling vir die mens! Gaarmaak van kos lei tot beter voeding en brein ontwikkeling. Toegang tot die nag lei tot langer werkstye en sosialisering rondom kampvure. Veiligheid teen roofdiere: kampvure en fakkels.

- In Bybelse tye was die olielampies, saam met binneshuise vure die huishoudelike ligbron.

- Lig word ‘n fokus van wetenskaplike ontwikkeling met verreikende invloed op die ontwikkeling van die mens.

- Lig en vuur het waarskynlik die mees dramatiese invloed op die mens se ontwikkeling.

4. NUWE BETEKENIS VAN SOUT EN LIG

- As volgelinge van Jesus word ons SOUT en LIG genoem. Vir die aarde (nie van die aarde!).

- Sout kry “geestelike” betekenis as preservering van Christelike geloof en waardes, asook die teenwerking van “verrotting” van christelike geloof en waardes.

- Sout as vrede met mekaar: verhoudings preserveer!

- Sout as “goeie smaak” in gesprekke met mekaar.

- Lig kry die “geestelike” betekenis van GETUIENIS van Jesus se GOEIE NUUS (Evangelie-verlossing) wat die DONKER (van sonde en negatiewe lewensgewoontes) verdryf.

5. DINK SAAM:

- Hoe is Jesus SOUT vir my?

.....

.....

- Hoe kan ons SOUT wees vir mense wat ly?

.....

.....

- Hoe is Jesus LIG vir my?

.....

.....

- Hoe kan ons LIG wees vir mense in nood?

.....

.....